

Pret met Taal: Idiome



Idioom	Betekenis
Van aangesig tot aangesig met iemand praat.	'n Persoonlike gesprek met iemand voer.
Die aap uit die mou laat.	Die geheim verklap.
Die aapstuipe kry.	Onbeheerbaar kwaad word.
Hard met die aarde kennis maak.	Hard op die grond neerslaan.
Die aftog blaas.	Opgee
Agteros kom ook in die kraal.	Al is 'n mens hoe stadig, kom jy ook maar waar jy wil wees.
Die appel val nie ver van die boom nie.	Die kind is soos die pa of ma.
Ek het 'n appeltjie met jou te skil.	Ek wil 'n onaangename saak met jou bespreek.
Net 'n appel en ei vir iets betaal.	iets baie goedkoop verkry.
Iemand 'n poets bak.	iets grappigs doen aan iemand.
Die bal mislaan.	Jou erg vergis.
Balke saag.	Snork
'n Berg van 'n molshoop maak.	iets groots maak van 'n nietigheid.
'n Nuwe blaadjie omslaan.	Opnuut begin met die voorneme om beter te doen.
Die bobbejaan agter die bult gaan haal.	Jou vreeslik kwel oor iets wat nog glad nie eens gebeur het nie.

Aktiwiteit

Kies vier idioome en teken hulle dan in jou boek.